

Maandag

Eseg. 20: 5 – 7, 9, 14, 15, 23, 42, 43; 36: 22; 37: 25; Joh. 17: 4 – 5, 24 – 25. Teks: Eseg. 20: 44. Tema: 'Christus vergewe ons omdat God se liefde sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie.' Afgodsdien is die lewenshouding van: "Ek en ander moet myself lief hê." Die Here eis presies die teenoorgestelde ingesteldheid van ons: "Jy moet jou naaste soos jouself liefhê." Vir die ingesteldheid dat ander jou moet liefhê soos jy jouself liefhet, het die sielkunde 'n woord gemunt: narsisme! Dit is 'n selfliefde waar 'n mens hom of haar self sien as besonders, spesiaal, uitsonderlik in aansien, aantreklikheid, mag en slimheid, maar sonder dat hulle enige uitstaande eienskappe het. Ouers is baie keer besig om in plaas daarvan om hul kinders te leer hulle is altyd kosbaar vir hul liefde, hierdie soort selfliefde in kinders vas te lê: julle is besonders sterk en mooi, en spesiaal slim en oulik, sonder dat hulle kinders uitstaande eienskappe het. Hierdie ingesteldheid "Ek en ander moet myself liefhê" is niks anders as selfverheerliking nie. Afgodsdien eis die Bybel én die hele Christelike geloof op vir hierdie selfverheerliking van die mens. Geestelikes gebruik hierdie trefsin om jou vir hulle selfverheerlikende geestelikheid te wen: "Weet jy hoe spesiaal is jy vir God? En dan vertel hulle jou hoe spesiaal is jy: jy is so spesiaal vir God dat Hy Jesus sy eie Seun vir jou gegee het om vir jou te sterf, ja, Hy het sy enigste Seun vir jou opgeoffer, só spesiaal, só besonders is jy vir God! Die profeet Esegïel se hele lewenswerk was téén hierdie tipe afgodsdien gerig gewees. Teenoor hierdie narsistiese geestelikheid van die Jode het hy die teendeel gestel: "Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is onder die nasies waaruit julle gekom het." (36: 22) God is in Homself gemotiveerd om op te tree volgens die eer van sy Naam - nié omdat ons so besonders en spesiaal is nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Eseg. 20: 5 – 7, 9, 14, 15, 23, 42, 43; 36: 22; 37: 25; Joh. 17: 4 – 5, 24 – 25. Teks: Eseg. 20: 44. Tema: 'Christus vergewe ons omdat God se liefde sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie.' Vandag word "om volgens die eer van jou Naam op te tree", amper net negatief gesien. Want mense verstaan vandag dat jou mág jou eer is, en wanneer jy jou mag laat geld om jou belange, jou aansien en besittings jou eie te hou, dan tree jy op vir die eer van jou naam. In mense se gemoed beteken 'om volgens die eer van jou naam' op te tree, kragdadigheid en geweld. In die boek Esegïel is die eer van God se Naam totaal iets anders. Esegïel beskryf in hoofstuk 37: 25 waaroor die eer van God se Naam gaan: "Hulle sal in die land woon wat Ek aan my dienaar Jakob gegee het, ... en my Dienaar Dawid sal hulle regeerder wees vir altyd." God se verbond aan Abraham en Dawid, is die eer van God se Naam. Hoe Hy onderneem het met 'n eed hoe om God te wees volgens hierdie twee beloftes, die Abrahamsbelofte (Eseg. 36:24 –) en die Dawidsbelofte (2 Sam. 7: 11 –) ís die eer van sy Naam. God se getroue verbondsliefde ís die eer van sy Naam. Esegïel 20 wys dat dit is hoe God altyd God gebly het vir Israel terwyl hulle altyd met oneer

opgetree het teenoor God. Met elke nuwe geslag se nuwe afgodery het God elke keer volgens die eer van sy Naam, en nie volgens hulle sondes opgetree nie. Hy bevry hulle in sy verbondsliefde uit Egipte, versorg hulle vir 40 jaar in die woestyn en lei hul die beloofde land volgens die eer van sy Naam. Elke keer antwoord hulle God met afgodery. Met afgodery verander hulle God na 'n afgod wat hulle liefhet omdat hulle (so glo hulle) so spesiaal sou wees, 'n god wat hulle nie belas met gebooie nie, maar liefhet net omdat hulle so besonders is, en omdat so spesiaal is, sal God (so glo hulle), vir hulle die begeertes van hul hart gee. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Eseg. 20: 5 – 7, 9, 14, 15, 23, 42, 43; 36: 22; 37: 25; Joh. 17: 4 – 5, 24 – 25. Teks: Eseg. 20: 44 Tema: "Christus vergewe ons omdat God se liefde sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie." Terwyl die Here elke keer volgens die eer van sy Naam opgetree het in sy liefdestrou teenoor Israel, het hulle van die uittog uit Egipte tot en met die ballingskap na Babel, elke keer van God 'n afgodsbeeld gemaak. Elke afgodsbeeld se doel is selfverheerliking: om God se mag, krag, die wil en lewe jou eie te maak. Selfverheerlikend, één met God in alles wie God is en wat God doen. Geestelike narsisme is godsdienstige selfbewondering. Hulle verwag bewondering en spesiale behandeling omdat hulle (so glo hulle) só spesiaal en besonders is - maar in werklikheid, sónder enige uitstaande eienskappe! Sónder dat hulle die gebooie van God gehoorsaam, sónder dat hulle God se Sabbatte onderhou as tekens dat God hulle vir sy liefde geheilig het, sónder dat hulle sy bepalings nakom en leef volgens sy voorskrifte! (20:19) Die mag van hierdie geestelike selfliefde is net soos narsisme beskrywe word: dit ken geen grense tussen jouself en ander nie, skaamteloos vertoon jy jouself aan ander asof jy spesiaal is, maar terselfdertyd doen jy dit eintlik sodat hulle jou besonderheid sal herbevestig en versterk met hulle bewondering. Dit is hoe hulle en hul konings aan die heidennasies al die besondere voorwerpe van hul tempel en paleise ten toon gestel het om geëer te word as spesiaal en besonders. Die misgissing van hierdie grenslose skaamteloosheid was dat hulle van ander, wat óók verwag jy moet hulle liefhê soos hulle hul self liefhet, nié bevestiging gekry het nie, maar gestroop en geplunder is van alles waardeur hulle ander se bewondering mee wou verkry. Dit was die oorsaak van hul ballingskap: dit waarmee hulle, hul self spesiaal wou laat lyk om ander se bevestiging te wou kry, het die ander toe begeer en gevat. Die twee selfbewonderende partye het eenvoudig plekke geruil. Die tweede groep (die Babiloniërs) het die eerste groep (Israel) onderwerp om hulle selfbewondering te bevestig. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Eseg. 20: 5 – 7, 9, 14, 15, 23, 42, 43; 36: 22; 37: 25; Joh. 17: 4 – 5, 24 – 25. Teks: Eseg. 20: 44 Tema: 'Christus vergewe ons omdat God se liefde sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie.' Christus kondig in Joh. 17: 4 – 5 aan dat Hy met sy daade op aarde, sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, die Vader verheerlik het

en dat die Vader Hom nou as Seun van Dawid sal verheerlik met die mag om sy verbondsliefde waar te maak vir sy kinders. Christus verheerlik die Vader en die Vader verheerlik sy Seun volgens die eer van hul Naam. God se getroue liefde vir ons, bring weer die grens terug tussen wie God is en wie ons is. Wie glo dat God optree volgens die eer van sy Naam, eer God vir sy liefde om sorgsaam te wees volgens sy belofte om God te wees soos Hy God is: Ek is wat Ek is! (Ex. 3:14) In hiërdie vertrou in God kan ons weer skaam wees oor ons sonde (Eseg. 20:43) en ontdek ons dat wat ons verkeerdelik geglo het (naamlik dat ons spesiaal en besonders is), niks anders as selfverontreiniging is nie. Dit is hoe narsisme uitgeleef word: om met jou self behep te wees, sonder enige empatie, meelewing met ander, skaamteloos, net ingestel op jou fantasie van jónu eie sukses, jónu aantreklikheid, jónu mag en slimmigheid waarvoor jy ánder gebruik om jou selfliefde te herbevestig. Sulke mense verontreinig die liefde waarvoor hulle bedoel is, naamlik om ánder soos jouself lief te hê. Daarteenoor: alle sonde word uitgeleef as die drif dat ánder mý sal liefhê, soos ék myself liefhet! Die eer wat God in ons skep vir wie Hý is, bring grense tussen God en ons en ander terug. Wie God vertrou dat Hy God is volgens sý verbondsonderneming, word iemand wat weer eerbied vir ánder kry en skaam is oor hulle liefdelose selfbeheptheid. Esegíel wys dat die herstel van skaamte in ons oor ons selfverheerliking deur God se getroue liefde, is die krag wat gelowiges mense maak wat weer úit hul selfverheerliking hul kan bekeer tot liefde vir God en hul naaste. (Eseg. 36: 32) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Eseg. 20: 5 – 7, 9, 14, 15, 23, 42, 43; 36: 22; 37: 25; Joh. 17: 4 – 5, 24 – 25. Teks: Eseg. 20: 44. Tema: 'Christus vergewe ons omdat God se liefde sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie.' God ruk die Jode uit hierdie geloofsverwarring dat wat God vir hulle doen Hy móét doen omdat hulle so spesiaal sou wees tot die werklikheid van wie hulle werklik is in die woorde van die Here: “Jou pa was ’n Amoriet, jou ma ’n Hetiet. Toe jy gebore is ... was niemand oor jou besorg of het soveel vir jou oorgehad dat hy een van hierdie dinge vir jou gedoen het nie. Jy is met afsku behandel en in die veld weggegooi die dag toe jy gebore is. ... Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: Leef!” (Eseg. 16: 1 – 7) As Joodse nasionale gemeenskap was hulle nie spesiaal en besonders nie. Hulle was net nog ’n mengsel van groot heidennasies, en eintlik net ’n klein gemeenskappie tussen magtige nasies - glad nie spesiaal soos die ander magtiges nie. Wat hulle gemaak het wat hulle is, is net God se sorg en liefde, toe hul vir niemand spesiaal en besonders was nie. God behandel ons as sy kinders nie soos Hy ons behandel omdat óns spesiaal of besonders is nie. Hy behandel ons soos Hy ons behandel omdat Hy getrou is in sy verbondsliefde om God te wees volgens die eer van sy Naam! Elkeen wie hiërdie geloof in God kon terugvind in Babilon, het God bly eer vir wie Hy is. Hulle het nie nuwe gode gaan soek wat hulle weer laat voel het hulle is spesiaal en besonders nie. Hulle was skaam oor hul verwronge selfliefde en kon weer hul naaste lief hê soos hul self - nie hul vyande bewonder as spesiaal nie. Jesus Christus het vir ons

sondes gely en gesterf, en Hý maak ons vir God se liefde heilig en reg, omdat Hý optree volgens die eer van sy Naam en nie omdat ons so spesiaal en besonders is nie. God bewonder ons nie. Hy het ons lief en laat ons binne sy sorgsame en troue liefde leef, en behandel ons nooit volgens ons sondes nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.